

# 1

## FOTO'S

*Vroeg Mei 1973*

Op 'n herfsnag in die vroeë jare sewentig het 'n klein gebeurtenis op 'n onbekende plek die fundamente van die wêreld geskud. Maar net ek het dit gevoel. Die aarde het liggies getril, soos 'n slapende reus oor wie duiwe geloop het.

Vir my was dit selfs die begin van 'n nuwe lewensopvatting, een wat stelsmatig in episodes, soos in die radioverhale, aan my geopenbaar sou word.

\* \* \*

Die onbekende plek was ons dorpie op die Lyksovlakke waar ek destyds my vaal, afgeleë lewe geslyt het.

Dit was oom Kossie die koster wat die onraad bemerk het. Hy het oorkant die kerk in Kerkstraat gewoon. Dominee en sy vrou was op huisbesoek in die streek en in sulke tye was alle onraad in oom Kossie se hande.

Dis wat hy gesien het: 'n flakkerende liggie, soos van 'n lantern of 'n kers, wat van binne deur die vensters van die kerk skyn. Hy het die straat oorgesteek.

Die witgeverfde gebou had 'n kort dwarsbeuk aan die voorkant met 'n kloktoring in die middel en sykantteeltjies. Die vensters was ongekleurde, stemmige ysglas met loodinleggings wat soos visskubbe lyk, diep gesete in die naaldvormige nisse. Die historiese kerkvorm. Hier rond was nie wegbrekers nie.

Oom Kossie het in die nagdonker die halvesirkelvormige trapstel bestyg en die donkerhoutkerkdeur met sy ovaal geronde bokant oopgestoot. Dit was 'n vroegweeke snag met geen kerkaktiwiteit beplan nie, en buitendien was God se deure snags gesluit. Wie op hierdie laat uur 'n lig binne aangesteek het was uit lewensnood daar, óf het ingebreek.

Hy het ingestap en sy flitslig op en neer geswaai. Toe het hy die binne-deure oopgestoot wat die klein voorportaal van die gemeentelike ruimte skei en die ligte van die kerk teen die muur aangeskakel.

Ek beskryf dit soos oom Kossie dit gesien het. Dis by hom wat ek die feite gekry het. Daar, voor in die kerk, het twee jong mense styf teen mekaar in een van die kerkbanke gesit. Dit het gelyk of hulle lywe 'n droomagtige lig uitstraal.

Die jonge heer had die persoonlike styl van 'n laaistok. Die dametjie was meer buigsaam, soos vroue volgens oorlewering maar is. Hy kon hulle hoor praat, meestal die dametjie. Hy was stomgeslaan.

Hy fluit van die agterbanke af dat sy draaisnor tril, en toe hy geen reaksie van die twee kry nie, besluit die gekromde ou man om nader te loop.

Hy gaan staan toe aan die punt van die lang kerkbank waarin hulle sit, soos 'n diaken wat aandrang op kollekte. Maar hulle sien hom steeds nie. Kan julle my hoor, vra hy. Wie is julle?

En steeds: geen reaksie nie.

Was hulle dalk van 'n inrigting vir dowes, op besoek aan die dorp? Toe sien hy wie dit is. Twee lidmaatskinders, trouens geruime jare self al lidmate van die gemeente: Dirkie Verwey, die half-dommeling, en Anna Bandjies. Sy was 'n mooi, volronde blondine. Haar ouers was gerespekteer in die distrik ondanks die feit dat hulle sukkelaars was.

Ek het na asem gesnak toe ek hoor die meisie is Anna. Sy was my heimlike geliefde, die een wat ek dag en nag met onbaatsugtige vertedering in my gedagtes gekoester het. Ons het mekaar nog nie baie goed geken nie, ek en Anna, maar dit kon my begeertes min skeel. Ek was jare daarna nog, tot op die laaste, gek oor haar.

Van die begin van my lewe op die dorp het ek die ideaal gekoester om haar eendag myne te maak, my vrou, my lewensmaat, en ek sou hare wees. Sy was die vernaamste rede waarom ek wou asemhaal. Ek moes haar net so ver kry om my op 'n helder sonskyndag lank genoeg raak te sien.

Oom Kossie het gou besef daar is fout, want die twee was nie met kerklike dinge besig nie. Hul nood was dalk lewensnood, ja, maar 'n ander soort as wat oom Kossie gewoon was om te sien. Hy was maar 'n oujongkêrel, die halfmaan-tipe soos ek, sonder wederhelf.

“Kan ek help met iets?” het hy gevra. Hy het gou agtergekom sy hulp is van nul en gener waarde.

Oom Kossie was nie die brildraende soort nie, hoewel dit allermins beteken hy was nie bysiende nie.

En nou het hy lont geruik.

Hy buk vorentoe, verder vorentoe, om beter te kan sien. Die meisie is

wraggies halfkaal, met iets swewend aan haar maniere. Oom Kossie het nog gedink die lugreëling is per ongeluk aan, maar haar aansienlike weef hare, 'n pragtige skepping van God, het vanself só gesweef.

Die man was ook kaalbolyf, en dit was glad nie somer nie. Sy hemp het hy oor die kerkbank voor hom gehang, en hulle het in mekaar se arms aangeleun, bene gevleg. Toe die koster dag maar genoeg nou hiervan, en hy half pieperig van die skok skree om hul aandag te eis, het hulle nouliks opgekyk en aangehou met mekaar.

Die koster het die polisiehoof, sersant Kleinschmidt, gaan opklop. Hier was waaragtig moeilikheid. Dié het sy twee adjudante die konstabels saamgebring.

Oom Kossie het intussen sy Kodakkie by die huis gaan haal.

“Hulle lyk soos spoke!” was konstabel Lemmer se ter plaatse opmerking. Sy baas het hom dadelik aangesê om stil te bly oor sulke dinge. Dis toe dat hulle iets van die gesprek tussen die twee verliefdes kon hoor. Dirkie het hakkeland gepraat, dit was immers die vertraagde Verwey. Maar hy vertel haar die trein is amper hier en hy gaan nou weermag toe. En sy, die meisie, Anna, sê huilend sy dink nie hy gaan weer terugkom nie, sy weet hy gaan haar los vir 'n ander meisie. En sy soen hom oral op sy somerse bolyf, sy was skoon opdringerig. Alles so onvanpas.

Kleinschmidt het gebulder: “Vries!” en toe draai Anna in die bank om en kyk reguit na die kamera. Dis waar die foto's vandaan gekom het.

Sy het haar kale self met oorkruisarms vasgeklou en gestaar met die blinderige uitdrukking van 'n mens wat op 'n ander plek is. Drie foto's het oom Kossie van die byster paartjie geneem.

Die polisiehoof het Anna beveel om dadelik haar rok, 'n ligte syagtige dingetjie by haar voete, aan te trek. Hy het in die ry afgestap en die twee hardhandig elk aan 'n oksel opgetrek. Of hulle nou gedink het hulle is op 'n stasie of in 'n ander soort droom gevang, feit is hulle was halfkaal in die huis van die Here.

Die geregsdienaars en die koster het die twee in die konsistorie toegesluit en besluit om die ouerpare te gaan haal. Verwey was fors, maar daardie aand so lig soos 'n veer, swewend, soos die koster dit beskryf het. Kleinschmidt het hom met uiterste gemak gehanteer, iets wat normaalweg nie moontlik sou gewees het nie. Hy het hom met twee vingers konsistorie toe getrek asof hy 'n kartonbord is.

“Jy ken die res van die storie,” het die koster vertel. “Toe ons hulle

wakker klop, vertel eers die een toe die ander ouerpaar hulle kinders slaap, daar moet 'n verwarring wees met twee ander jonges.”

Toe Anna se ouers hul dogter gaan wakker maak, het sy mor-mor van die slaap en in 'n stemmige kamerjas wat slordig aangetrek was, haar verskyning in die voorvertrek gemaak. Haar hare was in 'n dik koord agter haar rug gebind, vir die slaap natuurlik.

“Wat 'n allemintige bos hare. Dit was al skuins na middernag en sy het gelyk of sy al lank geslaap het, Verdomp.”

In die geval van die Verweys, het Ans op wankelende treë die slapende Dirkie in 'n anekskamer aan die besoekers gaan wys. Die mevrou was die tipe wat maklik trane stort en die besoekers is verseker dat Verwey deesdae nog skaars beweeg.

Oom Kossie het oor sy woorde begin struikel. “Hy lyk soos, wat is die woord, Verdomp, 'n gevallestudie, nee, 'n invalide, 'n gevallene, so iets. Die mevrou wou net aanmekeer huil en was baie verontskuldigend namens haar seun. Sy het die hele tyd onmoontlik, onmoontlik bly sê.”

Die ondersoekers is stomgeslaan terug kerk toe. Maar toe hulle die konsistorie oopsluit, is daar niemand binne nie! Die konsistorie het diefwering gehad, wegkomkans was min.

Toe ek die storie vir die koerant opvolg, wou die stuurse Kleinschmidt glad nie praat nie.

Die twee plase was myle buite die dorp, dis onmoontlik dat die twee vryers so vinnig kon beweeg het, selfs met 'n vervoermiddel. Hy was verleë.

En hoe het hulle uit die konsistorie ontsnap?

Daar was oom Kossie se foto's. Hiermee was moeilik te stry. Duidelik wys al drie foto's Anna Bandjies en Dirkie Verwey in die kerk. En, hoe het oom Kossie gesê? “Daar is geen teken van 'n kamerjas hier nie, my vriend, kyk self.”

Die idee van Anna in 'n ander man se arms, selfs net die moontlikheid daarvan, was vir my swaar om te sluk.

\* \* \*

Dit was die begin van die gesigte.

En ek het geweet: Kleinschmidt sal nie hieroor gaan lê nie. Vir hom het iets onverklaarbaars net een verduideliking: iemand is skuldig aan iets. Ná soveel jare op die Lyksovlakte het ek die polisie geken.

Hy het die dominee en die burgemeester oortuig om Dirkie en Anna voorlopig aanspreeklik te hou vir die kerkinsident . . .

Voorlopig? Kan aanspreeklikheid voorlopig wees? Die man was buite weste.